

**Doringkroon**

***Dinge in die Bybel***



**Goue kalf**

***Dinge in die Bybel***



**Jakob se leer**

***Dinge in die Bybel***



**Josef se jas**

***Dinge in die Bybel***



**Kerk**

***Dinge in die Bybel***



**Moses se mandjie**

***Dinge in die Bybel***



**Noag se ark**

***Dinge in die Bybel***



**Skape**

***Dinge in die Bybel***



**Slang**

***Dinge in die Bybel***

# Charades Bybelvasvra: Dinge in die Bybel

## DORINGKROON:

1. **Vraag**: Wie het ‘n doringkroon gedra?
   **Antwoord**: Jesus

2. **Vraag**: Hoekom het Jesus ‘n doringkroon gedra?
   **Antwoord**: Die soldate het Hom gespot deur te sê Hy is die Koning van die Jode (Matt 27:29)

3. **Vraag**: Wat het die soldate saam met die doringkroon vir Jesus gegee?
   **Antwoord**: ‘n Mantel en ‘n stok. (Matt 27:28-29)

4. **Vraag**: Wat het die soldate met die stok gedoen?
   **Antwoord:** Hulle het Jesus daarmee oor die kop geslaan. (Matt 27:30)

## GOUE KALF:

1. **Vraag**: Wie het ‘n goue kalf gemaak?
   **Antwoord**: Aäron (Eks 32:1)

2. **Vraag**: Hoekom het die volk vir hom gevra om vir hulle ‘n goue kalf te maak?
   **Antwoord**: Moses het so lank weggebly dat hulle nie geweet het wat van hom geword het nie, die goue kalf moes hulle god wees en hulle lei (Eks 32:1)

3. **Vraag**: Wie was Aäron gewees?
   **Antwoord**: Moses se broer en ‘n Leviet (Eks 4:14)

## JAKOB SE LEER:

1. **Vraag**: Waar het Jakob die leer gesien?
   **Antwoord**: In ‘n droom (Eks 28:12)

2. **Vraag**: Wat het Jakob op die leer gesien?
   **Antwoord**: Engele wat op en af beweeg (Eks 28:12)

3. **Vraag**: Wat het God vir Jakob in die droom gesê?
   **Antwoord**: Dat Hy by hom is, dat Hy hom ‘n groot nasie gaan maak (Eks 28:14-15)

## JOSEF SE JAS:

1. **Vraag**: Hoekom het Josef se pa vir hom ‘n jas / ‘n rok met lang mou laat maak?
   **Antwoord**: Van al die seuns was hy die liefste vir hom gewees (Gen 37:3)

2. **Vraag**: Hoe het dit Josef se broers laat voel?
   **Antwoord**: Hulle het niks van hom gehou nie (Gen 37:4)

3. **Vraag**: Wat het Josef se broers met hom gedoen?
   **Antwoord**: Hulle het hom in ‘n put gegooi en hom toe as ‘n slaaf verkoop (Gen37:24 / 28)

4. **Vraag:** Wat het sy broers met die rok / jas gemaak?
   **Antwoord**: Hulle het dit in ‘n boklam se bloed gedoop en vir hulle pa gestuur, hy het gedink ‘n roofdier het hom opgevreet (Gen 37:31 -33).

## KERK

1. **Vraag**: Op wie het Jesus gesê gaan Hy sy kerk bou?
   **Antwoord**: Op Petrus (Matt 16:18)

2. **Vraag**: Wie is die Hoof van die kerk?
   **Antwoord**: Jesus (Kol 1:18)

3. **Vraag**: Wie is die kerk?
   **Antwoord**: Ek en jy (1 Pet 2:5)

## MOSES SE MANDJIE

1. **Vraag**: Hoekom het Moses se ma hom in ‘n mandjie gesit?
   **Antwoord**: Die koning het al die seuntjies laat doodmaak, en sy ma wou sy lewe spaar (Eks 2:3)

2. **Vraag**: Wie het vir Moses opgepas terwyl hy in die mandjie was?
   **Antwoord**: Sy suster Mirjam (Eks 2:4)

3. **Vraag**: Wie het hom in die mandjie afgekom?
   **Antwoord**: Die koning se dogter (Eks 2:5)

4. **Vraag**: Wat het sy met hom gedoen?
   **Antwoord**: Sy het ‘n vrou (sy ma) gekry om hom te laat drink, en toe hy oud genoeg was het hy by die Faro se dogter in die paleis gaan bly (Eks 2:7-10)

## NOAG SE ARK:

1. **Vraag**: Hoekom moes Noag ‘n ark bou?
   **Antwoord**: God wou ‘n vloed stuur (Gen 7:4)

2. **Vraag**: Hoekom wou God ‘n vloed stuur?
   **Antwoord**: Die aarde was korrup en vol geweld, elke mens se lewe was verrot (Gen 6:11-12)

3. **Vraag:** Hoe oud was Noag toe God die vloed gestuur het?
   **Antwoord**: 600 jaar oud (Gen 7:6)

## SKAPE:

1. **Vraag**: Wie het skape opgepas in die Bybel se tyd?
   **Antwoord**: Skaapwagters of Herders

2. **Vraag**: Wie is die bekendste Skaapwagter of Herder waarvan ons in die Bybel lees?
   **Antwoord**: Jesus

3. **Vraag**: Waar lees ons dit?
   **Antwoord**: Ps 23

4. **Vraag**: Hoekom luister die skape na die Skaapwagter of Herder se stem?
   **Antwoord**: Hulle ken Hom (Joh 10:27)

## SLANG:

1. **Vraag**: Wie het vir Adam en Eva in die Paradys verlei?
   **Antwoord**: Die slang (Gen 3:1)

2. **Vraag**: Wie is die slang eintlik?
   **Antwoord:** satan

3. **Vraag**: In Gen 3:1 word ‘n eienskap aan die slang gegee, wat is dit?
   **Antwoord**: Hy was listiger as al die wilde diere wat God gemaak het.

4. **Vraag**: Wat het met die slang gebeur omdat hy die mens verlei het?
   **Antwoord**: God het vyandskap tussen hom en die mens ingestel, en hom ook vervloek onder die diere sodat hy op sy pens begin seil het (Gen 3:14-15)

5. **Vraag**: Gen 3:15 word die Moederbelofte genoem, wat beteken hierdie belofte?
   **Antwoord**: Dat God eendag Iemand sou stuur om die slang (satan / vyand) te oorwin. Hierdie Iemand is Jesus.